

Vrydag 4 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 16:9-15

Fokusgedeelte: Handeling 16:9-15

Die werk van die Gees

'n Jong dominee, nuut in die bediening, vertel aan 'n ou dominee hoedat hy die gemeente 'n aktiewe, lewende gemeente gaan maak. Die ou dominee se antwoord was. Moenie die werk van die Heilige Gees wil doen nie. Verkondig die Woord, en die Gees sal die werk doen.

In die geskiedenis van Lidia het ons dit gelees. Sy het die Joodse geloof aanvaar, al was sy in Asië ver van Israel af. Dat sy geglo het, nog voor sy vir Paulus hoor preek het, was omdat die Gees haar verstand geopen het. Sy het die besondere genade ontvang om te glo. Calvyn sê hieroor dat die dienaars deur hulle preke geen uitwerking sal hê as die inwendige roeping deur God nie meegaan nie.

Besef ons elke dag die wonder van geloof? Die wonder dat die Gees van God in my, klein mens, is. By die prediking word dit telkens bevestig, want onder die prediking groei die geloof. Sien u aan u kinders hoedat hulle geleidelik groei in kennis en geloof? Die wonder van genade wat daar plaasvind? Dit het in u plaasgevind. Daarom kan ons ander bemoedig in hulle nood en ellende en weet, my woorde mag dalk net na woorde klink, maar agter dit werk die Gees. Gaan jubelend die dag in, want jy het dié wonder.

Sing: Psalm 145-1:1, 4

Dr. JM van Tonder (Kobus) (Emeritus)